**Psalm 62**

**Indikatief:** Die psalmdigter vind sy rus by God.
**Imperaitef:** Vertrou op God.
**Belofte:** God sal elkeen volgens sy verdienste beloon
**Synopsis:** Die psalmdigter vind sy rus by God, want hy vertrou vir God. Hy kan op God vertou want God het mag. Daarom bid hy en volg die regte pad.
**Preekdoel:** Om die gmeente tot die beself te bring van hoe begenadig hulle is, en dat hulle net daarop kan antwoord met ‘n belydenis en deur ‘n lewe van dankbaarhied.

---

***Prediker***

## Toetredelied: Gesang 159 verse 1 en 3

## Votum en seën

Gemeente, die Here God sê: ‘Ek is julle rots, julle skuilplek en julle redder.

‘Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees’

Amen

***Ouderling***

## Loflied: Gesang 190:1,2 en 3

## Wet

## Skuldbelydenis: Gesang 231 verse 1 en 3

***Prediker***

## Gebed

**Skriflesing: Psalm 62**

Gras verdor en blomme verwelk, maar die Woord van die Here bly verewig. Kom laat ons antwoord op die skriflesing deur die sing van...

**Sang: Gesang 528 verse 1 en 2**

## Prediking

### Inleiding

Gemeente van ons Here Jesus Christus!//

Wie van ons ken werklik rus? Wie van ons het rus in ons gemoed? Vandag se lewe is so gejaagd. Ons lewe so vinnig dat daar nie tyd is vir rus nie. In die oggende spring ons op, jaag ons almal aan om betyds by die huis uit te wees en begin met die dag se take. En die volgende dag herhaal ons die hele proses net weer. Hoeveel van ons het selfs vandag op 'n Sondag nie gejaag om betyds by die kerk te wees nie?///

Ons lewens is soos die mite van Sisyphus. Hy was volgens die verhaal in die Griekse mitologie 'n koning wat uitsonderlik skelm was. Toe hy sterf was sy straf om 'n groot rots teen 'n steil heuwel op te stoot, en sodra hy die bokant sien en dink sy straf is verby, dan rol die klip weer af na onder. Dan begin hy maar weer om die klip te rol na bo. Net soos Sisyphus is ons lewe gekenmerk deur 'n alewige worstelstryd en frustrasie.///

Die ou vertaling vertaal vers 1 van Psalm 62 met *my siel is stil by God*. Is dit nie mooi nie? My siel is stil by God. Ons word nooit stil nie. Die lewe verander aanhoudend en ons moet hardloop om by die bly. //

Die politiek is nie meer wat dit was nie. Die ekonomie is nie meer so sterk soos wat dit was nie. Sodra jy geleer het hoe 'n nuwe ding werk, is daar al klaar drie nuwer weergawes uitgedink. Dit wat ons altyd as vanselfsprekend kon aanvaar is nie meer vir mense belangrik nie. Dit voel soms asof ons hele samelewing uitmekaar spat.///

En hierdie situasie laat ons onseker voel. Ons weet nie hoe more gaan lyk nie. En in die troebel omstandighede moet ons maar net aanhou bestaan. Veg ons die stryd verder. Hou ons aan daai rots teen die heuwel opstoot. Ons daaglikse bestaan word gekenmerk deur 'n stryd om oorlewing. Ons veg vir onsself, want dit is al hoe jy bo uitkom. Maar sodra ons sukses bereik het, kom ons agter dat sukses nog steeds nie rus bring nie. Dit bring net nog *meer* stryd want ons wil bo bly, ons wil aanhou suksesvol wees, ons wil altyd net nog meer hê./////

## Liggaam

Maar, broers en susters, die Psalmdigter sê hy het rus gevind. Hy het rus gevind by die Here. Wat gee die Psalmdigter hierdie gevoel van rus? Wat gee vir hom die gevoel van sekerheid wat sy siel stil maak? Die skrywer noem God in vers 3 sy rots en sy veilige vesting. Alles beelde wat by ons die idee van standvastigheid oproep. Vir die Psalmdigter is niemand anders as *GOD* sy fondament nie.///

Maar nou kan julle vir my sê dat dit was 'n eenvoudiger tyd toe die Psalmdigter gelewe het, dit was makliker om net alles oor te laat aan die Here. Maar dit is nie so nie. Ons as mense het 'n geneigdheid om altyd te dink dat die tyd waarin onsself lewe die moeilikste tyd is. En al is dit waar dat vandag se wêreld is baie vinniger is, het die antieke mense hul eie uitdagings gehad.///

In die antieke wêreld was daar nooit genoeg nie. Slegs die rykste van die rykes het in enige vorm van gemak gelewe. Die meeste mense het maar 'n armlastige bestaan gevoer. Hongersnood was 'n konstante dreigement. Dit was uitsonderlik maklik om in skuld gedompel te word en as iemand eers daar is, word 'n mens amper die slaaf van jou skuldeiser. Mense was in konstante kompetisie vir die bietjie hulpbronne wat daar was. Daarom dat die Psalmdigter sê dat sy vyande omring hom. Dat hulle hom al so benadeel en uitgewerk het dat hy voel soos 'n muur wat gaan omval. In die antieke wêreld het alles gedraai rondom jou reputasie. As die skrywer dan noem in vers 6 dat sy vyande skep behae in leuens is hulle besig om sy vermoë om besigheid te doen te ondermyn. Sy hele sosiale bestaan word bedreig. Daarom dat die Psalmdigter voel soos 'n klipmuur wat omgestoot word.///

En tog - deur hierdie moeilike tye en omstandighede is die Psalmdigter se siel steeds stil by God. Hy vind sy rus steeds by die Vader. ***Hoe is dit moontlik dat die Psalmdigter met soveel vrede in sy gemoed die lewe kan deurgaan?////***

Die antwoord daarop is baie eenvoudig. Die Psalmdigter plaas sy *vertroue* in God. Vertroue is die sleutel tot geloof. Wat sou ons as moderne mense gedoen het as ons soos die Psalmdigter gekonfronteer was deur iemand wat ons van ons werk wil ontneem, of as ons deur hongersnood of deur 'n ondraaglike skuldlas bedreig word? Ons sou terug baklei het. Ons sou harder gewerk, nog meer geworstel het. Dit is wat ons as moderne mense sou doen. Ons sal ons vertroue in al die verkeerde goed plaas net soos die Psalmdigter sê ons sal. Die skrywer sê in verse 10 en 11 ons moenie op mense vertrou nie, ons moenie op geld vertrou nie, ons moenie op ons menslike handewerk vertrou nie. Nee, ons moet op God vertrou.///

Nou moet ons ter selfde tyd sê dat dit is bloot menslik om die heeltyd te wil veg. Ons kan dit eintlik nie help nie. Die oorlewingsdrang is sterk. Op 'n instinktiewe vlak wil ons alles in ons mag doen om vooruit te gaan. En daar is niks fout daarmee om te wil vooruitstrewend wees nie. Om ons lewensomstandighede te wil verbeter nie. Maar daar is 'n punt wanneer ons die leisels moet oorgee aan God. Daar moet 'n tyd kom wanneer ons nie *opgee* nie, maar *oorgee* aan 'n groter Mag as ons eie. Daar moet 'n punt kom wanneer ons erken dat al verander die wêreld hoe ingrypend, dit slegs God is wie kan uitkoms gee in ons tyd van nood.////

Broers en susters, //

'n Worstelstryd gee 'n mens nie vrede nie. Dit maak nie 'n mens se siel stil nie. Al wat ons rus gee is vertroue in die Here wat Hemel en aarde geskep het. Daarom dat die Apostel Paulus kan sê in 2 Korintiërs 3 vers 4 tot 6 *"...ons is nie in staat om iets te bedink asof dit uit onsself kom nie. Ons bekwaamheid kom van God, [6]wat ons bekwaam gemaak het om bedienaars van 'n nuwe verbond te wees".///*

Die mens is minder as niks sê die Psalmdigter, op 'n skaal wys ons geen gewig nie. Ons kan nie ons vertroue in mense plaas nie en ons kan ook nie verwag om alles op ons eie te vermag nie. Geen wonder dat ons in 'n ewige stryd gewikkel is nie. Sonder vertroue in God kan hierdie wêreld 'n donker plek wees.////

Die vraag is dan waarop is hierdie vertroue in God gebaseer. Waarom kan ons vir God vertrou. Die Psalmdigter beantwoord die vraag vir ons in vers 12 as hy sê: //

*"[12]Een ding het ek God hoor sê, nee, twee: dat net God mag het [13]en 'n mens net op U, Here, kan vertrou…".* Die God wat Hemel en Aarde geskep het, die God wat mag het oor alle dinge, is *dieselfde* God wat ons Hemelse Vader is. Is dieselfde God wat teenwoordig is in ons alledaagse lewens. God het die mag om ons lewens te verander, in werklikheid Hy het klaar vir ons 'n lewenspad uitgelê. Ons moet net op Hom vertrou en daarop loop. God se mag, en die feit dat ons aan Hom verbind is deur die kruisdood van ons Here Jesus Christus, is die basis van ons vertroue in Hom.///

Ons as mense wil alles self beheer, ons wil die meester van ons eie lot wees. Maar ongelukkig werk die wêreld nie so nie. Daar sal altyd magte wees buite ons beheer, onvoorsiene gebeure wat ons planne totaal ontwrig. Dit is in sulke tye dat ons die troos het dat ons deur Jesus Christus aan God verbind is. Dat ons deur Jesus Christus in 'n *verhouding* staan met die God wat mag het oor alle dinge. Wat selfs die mag het om in te gryp in ons worstelstryd. Wat die klip van ons skouers kan afhaal. Dit is vertroue in die almag van God wat rus in ons gemoed skep.////

En nou, broers en susters? Wat doen ons nou verder? Is geloof net so warm gevoel van vertroue in ons hart? Wat maak ons nou? Ons geloof kan nie net stop by 'n gevoel nie. Ons *moet* onsself afvra hoe leef ons ons vertroue in God uit. Die Psalmdigter beantwoord die vraag in vers 9 as hy skryf*: "[9]Vertrou altyd op Hom, my volk, stort julle hart voor Hom uit! God is vir ons 'n toevlug"*. Stort jou hart voor die Here uit. Die Psalmdigter sê vir ons dat ons moet bid. Gebed is die manier hoe ons ons vertroue in God betoon.///

As die hele wêreld rondom ons verander, as al ons planne tot niet gaan, wat anders kan ons doen as om te bid. As ons bid kom ons met al ons sorge en probleme, al ons swaarkry en hartseer na God toe. Maar hierdie gebed is nie net alles wat ons wil hê God vir ons moet doen nie. Ons bid en ons ontlaai alles wat in is ons hart is op God, maar aan die einde moet ons soos Samuel sê as die Here hom roep. *Spreek Heer, U dienaar luister."* Ons moet bid soos die Here Jesus ons leer: *Laat U wil geskied, soos in die Hemel, net so ook op die aarde.///*

Gebed is nie net 'n inkopie lys of 'n goedkoop terapie sessie nie. Nee, gebed waar ons waarlik vra na die wil van God is ten diepste 'n vertrouensdaad. Dit is ons wat weet dat God vir ons 'n plan uitgewerk het, dat hy die mag het om ons omstandighede te verander, en ons wat dan ons lewe in sy hande plaas.////

Daar is ook 'n spesiale betekenis van di Skrifgedeelte vir u, broers en susters, hier vandag waar u uself voorberei om volgende week nagmaal te gebruik. As ons nagmaal gebruik word ons nie net herinner aan Jesus se kruisdood nie. Ons gebruik ook nagmaal, soos wat die Nagmaalsformulier lees, ter versterking van ons geloof. Geloof wat bou op die vertroue wat ons in God plaas. Die gebruik van die nagmaal help ons om God as ons veilige vesting aan te hang. Deur die drink van die wyn en die eet van die brood word ons geestelike versterk, sodat ons ons rus by God kan vind./////

## Slot

Broers en susters,//

Die Psalmdigter sê ses keer dat hy vind rus by die Here. Sulke rus is vir ons in die moderne gejaagde wêreld moeilik om te vind. Tot die kere wanneer ons op vakansie is, is dit net ‘n onderbreking in die stryd. Die laaste dag of twee van die vakansie is almal depressief want hulle moet nou teruggaan na die geharwar van hulle alledaagse lewe. En deur hierdie gejaagdheid is dit baie maklik om sig te verloor van God. Is dit baie maklik om nie meer ons vertroue ten volle in God te plaas nie. Dan as die winde van verandering kom en die fyn gebalanseerde kaartehuis van ons lewens val in duie weet ons nie meer waarheen om te gaan nie. Dan kan geen hoeveelheid geld of mense se handewerk ons lewens weer aanmekaar sit nie. In hierdie omstandighede het ons as gelowiges die troos dat God vir ons rots en ‘n vesting is. Het ons die troos dat deur die kruisdood van Christus ons verbind is aan God. Het ons die troos dat daardie God wat Hemel en aarde geskape het, wat mag het oor alle dinge, ‘n welbehae in ons het.///

En hierdie troos wat ons het gee ons hoop. Hoop wat ons laat aanhou lewe in ‘n wêreld wat donker is. Maak nie saak hoe swaar ons omstandighede is nie, hoe uitsigloos ons toekoms lyk nie, ons het steeds die hoop en vertroue dat God ons sal uitkoms gee. Dit is in hierdie vertroue dat ons na God bid. Dat ons bid dat God se wil met ons lewens geskied.///

Gemeente, my bede vir elkeen van u is dat die plan wat God vir u het sal geskied. En dat u elkeen u vertroue in ons almagtige Vader sal plaas.///

Amen/////

## Gebed

## Geloofsbelydenis

Broers en susters. Gebed is nie die enigste manier hoe ons ons vertroue in die Here bewys nie. Ons doen dit ook deur ons geloof te bely. Die Psalmdigter het Psalm 62 geskryf as ‘n geloofsbelydenis om sy vertroue in God te bewys. Kom ons staan dan en bewys ons vertroue in God deur ons geloof te bely in die Drie-Enige God, waarna ons bly staan vir die sing van die slotsang Gesang 519 verse 1 tot 4 en die uitspreek van die seën. Kom ons staan nou en bely ons geloof.

‘Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.
En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;
wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;
wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel,
dié wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het.
Ek glo in die Heilige Gees.
Ek glo aan ‘n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes;
die opstanding van die vlees en
‘n ewige lewe.
**Amen**’

## Slotsang: Gesang 519:1-4

## Seën

‘Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle SY vrede gee’

Amen